Gewond maar nie Verslaan

Uittreksel van pastoor Neser se preek Eng/Afr. B344a

Skriflesing uit 11 Kor.4:1-15

Kernvers: 7,8 – 'Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie. v8 – In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie.'

Geliefdes, as sonde altyd sigbare wonde en verminkinge moes veroorsaak dan sou ons almal vandag met verskriklike merke en littekens rondgeloop het – want ons is almal verwond.

Hierdie erdekruik waarvan Paulus in die sewende vers praat het gebars, gebreek. As dit nie vir die Here se genade was nie, dan was ons verslaan en was daar vir ons geen hoop nie. Maar dank die Here vir Jesus Christus ons Verlosser!

As kinders van God is ons gedurig in 'n gewigtige stryd gewikkel met die duiwel, maar daarom kan ons ons beroep op God se genade alleen wat ons daarteen beskerm en ons verlos het van sy mag. Daarom kan ons net in diepe ootmoed voor Hom kom en Hom dank vir Jesus wat ons gered het!

Deur genade is ons gered en dit nie uit onsself nie; nie uit ons werke nie sodat niemand mag roem nie. Elkeen van ons sit met ons eie komlpekse geliefdes – die dag wat ons gered is, weergebore is, toe het die werk maar eers begin.

As ek maar net aan myself dink, my verlede, die omstandighede waarin ek grootgeword het en die dinge wat met my gebeur het – dit het sy merk op my gelaat en my verwond in my gemoed en in my gees. En so het elkeen van u daardie ondervinding.

Dis alleen die Here in Sy volheid wat ons kan heelmaak en kan ons God nie genoeg dank vir die wonderlike evangelie van Jesus Christus wat gekom het juis om dit vir ons te kom doen…